Kinder of jeug vriendelike gebedsmoment vir Jeugdag

Voorbereiding:
Laat 'n paar kinders in skoolklere die gemeente groet by die deure. Die predikant kan ook self in skoolklere aantrek as dit gepas is vir die tipe diens. Daar moet 'n tipiese **skooltas** wees wat met die onderstaande "simbole" gepak is. Soos wat 'n mens die tas dan uitpak, word daar vir die onderskeie dinge gebid. Dit kan in enige volgorde gebeur en jy hoef nie al die simbole te gebruik nie. Die gemeente kan in groepies bid vir die onderwerpe, of daar kan deur verskillende persone (verkieslik jonger mense ingesluit) voorgegaan word met gebed, of dit kan afgewissel word. Die statistiek word bloot vir kennisname bygegee – gebruik na goeddunke.

1. **Kosblik –**
   Dis darem lekker om 'n volgepakte kosblik uit jou tas te haal en oop te maak! Maar 'n kosblik help ons ook om te onthou dat daar soveel kinders wat nie kos het nie. Kom ons bid vir armoede en werkloosheid wat kinders beïnvloed en dat kinders versorg sal word, veilig sal wees en toegang sal hê tot gesondheidsdienste.
   - Daar is 53.7 miljoen mense in Suid-Afrika, waarvan 18.5 miljoen onder 18 jaar oud is. (www.countchildren.org.za)
   - Meer as 50% van Suid-Afrika leef onder die armoede lyn. (statssa.gov.za)
   - Een uit 3 kinders in Suid-Afrika beleef hongerte gereeld (https://www.unicef.org/southafrica/SAF_resources_factschildrens22.pdf
   - 1 uit 5 kinders in Suid-Afrika het nie meer ouers nie (meestal agv HIV/Vigs) (www.unicef.org.za) https://africacheck.org/factsheets/factsheet-how-many-orphans-are-there-in-south-africa/

2. **Handboek –**
   'n Handboek laat ons dink aan skoolwerk. Watter vak is jou beste vak? En jou moeilikste? Dis nie altyd lekker om te leer nie, maar dit is so belangrik! Kom ons bid dat alle kinders toegang sal hê tot goeie onderwys. Kom ons bid vir skole, onderwysers en hoofde. (Jy kan skole by die naam ook noem.)
   - 662 000 kinders woon glad nie skool by nie (2009 – www.unicef.org.za)
   - 19.1% volwassenes (2009) is funksionele ongeletterd (2011) https://www.brandsouthafrica.com/south-africa-fast-facts/facts

3. **Tipiese speelding** bv. spinner / albasters / kaarte of wat ook al die kinders nou versamel of mee speel in jou konteks –
   Wat speel / doen 'n mens hiermee? (laat iemand vertel). Hierdie (speelding) help ons om te onthou hoe heerlik dit is om vriende te hê en saam te kan speel of kuier. Kom ons bid vir kinders of jongmense wat nie dit ervaar nie – wat alleen voel, stres of angs beleef of hartseer is. Kom ons bid teen boelies en dat ons goeie vriende sal wees wat gaaf is met mekaar en mekaar help.
   - 57% van kinders/tieners in SA word geboelie of is al geboelie op skool, volgens een opname wat gedoen is http://www.news24.com/SouthAfrica/News/More-than-50-of-kids-bullied-survey-20130124
   - 1 uit 5 kinders is al geboelie via sosiale media http://www.itweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=146442
   - die selfmoord gevalle onder 10-14jariges het verdubbel die afgelope 15jaar weens die toename van angs, vrees en depressie onder jongmense (www.sadag.org)

4. **Sport item** bv. Bal / sport sokkies –
   Watter sport dra hierdie sokkies / gebruik hierdie bal? Sport, kultuur, musiek, kuns, rekenaars – daar is soveel buitemuurse aktiwiteite! Hierdie (bal / sokkies) help ons om dankbaar te wees vir al die verskillende gawes en talente wat ons ontvang het - kom ons bid dat ons jongmense hierdie gawes en talente sal gebruik om God te eer.
   - Meer as 80% van werkende Millennials gee op 'n manier terug aan die gemeenskap en hulle is as generasie gekenmerk as 'n generasie wat 'n verskil wil maak. https://www.forbes.com/sites/ashleystahl/2016/04/28/a-millennial-manifesto/#7cef62872616

5. **Potloodblikkie met 'n hashtag # teken daarop** (teken of plak dit op) –
   Wie kan vir my sê waarvoor hierdie hashtag staan? Hierdie # herinner ons aan #imagine of #imagine kids natuurlik! Het julle geweet #imagine is 'n landswye inisiatief van ons kerk om jongmense en kinders bymekaar te bring sodat hulle 'n verskil in die wêreld kan maak. Kom ons bid vir die #imagine beweging.
   - www.imaginemovement.co.za
   - https://youtu.be/DZIC28LlsCI
   - https://youtu.be/CkU3PLfcqDI

6. **Klein Bybeltjie**
   As ons 'n Bybeltjie sien dink ons aan ons geloof en die kerk. Ons is so bevoorreg om kinders en jongmense as deel van ons gemeente te hê. Kom ons sê dankie vir die Here vir ons eie kinders en tieners. Kom ons vra dat Hy hulle geloof sal laat groei. Kom ons bid vir die kategese en (ander gemeente jeug aktiwiteite). Kom ons bid ook vir die ouers en jeugleiers in ons eie gemeente.
   - Matteus 19:14
   - 1 Timoteus 4:12-16

7. **Water bottel**
   'n Water bottel herinner ons aan dors wees. Kom ons bid dat die jongmense van ons land Jesus sal leerken en dat Sy Gees elkeen sal vul, soos water ons dors les. Kom ons vra dat die Here die jeug van ons land sal oprig en gebruik om in die wêreld 'n verskil te maak.
   - Handelinge 2: 14-21
   - Johannes 4:14 en 7:39

Geskryf deur Ds Anriëtte de Ridder (Predikant in Wes Kaapland Sinodale Diens: Jeug- en Familiebediening) vir Jeugdag 2017.